higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5

(7080115)

8 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

194Q1B2008

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die noodhulpkas moet goed toegerus wees met …

A eksterne medikasie.
B interne medikasie.
C Beide A en B
D medikasie wat verval het

1.2 Wanneer kinders voorwerpe manipuleer, gebruik hulle …

A hulle hele hand.
B hulle vingerpunte.
C hulle linker- of regterhand.
D Al bogenoemde

1.3 … is 'n liggaamsperkussie-aktiwiteit.

A Marsjeer
B Vingers klap
C Gallop
D Huppel

1.4 Vir … moet die kind naby 'n waterbron wees.

A probleemoplossing
B ontdekking
C kreatiwiteit
D taalontwikkeling

1.5 Observasie moet … wees.

A bevooroordeeld
B veroordelend
C objektief
D subjektief

1.6 Die komponente van 'n lesplan sluit … in.

A evaluasie
B doelwitte
C A en B
D Geen van bogenoemde nie

Kopiereg voorbehou

1.7 ... wanneer jy die kind se vordering met die ouers bespreek.

A Kies 'n tyd wat net vir jou pas
B Gebruik vakterminologie
C Intimideer die ouer
D Wees eerlik maar neem die ouers se gevoelens in ag

1.8 ... moet observasies gedoen word.

A Slegs gedurende lesse
B Wanneer kinders siek is
C Daagliks
D Wanneer kinders alleen is

1.9 'n Eienskap van 'n rympie is dat …

A dit 'n betekenislose einde het.
B elke woord onvervangbaar is.
C dit 'n diep betekenis het.
D dit geen herhaling het nie.

1.10 Konsepboeke bevat …

A feite.
B fantasie.
C onwerklikhede.
D feëverhale.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Elektriese beligting is voordeliger as natuurlike beligting.

2.2 Hoe meer tekstuur kinders ervaar, hoe minder leer hulle perseptueel.

2.3 Liggroen verf teen die mure skep 'n koel atmosfeer in 'n kamer.

2.4 Kleuters is egosentries en daarom deel hulle hul speelgoed met mekaar.

2.5 Die soort fantasiegebied wat jy skep, sal die kinders se fantasiespel bepaal.

2.6 Kleuters moet alleen in die isolasiekamer gelaat word.

2.7 'n Vergrootglas kan vir ontdekking gebruik word.

2.8 Vertroulike verslae moet altyd op die tafel gelaat word.

2.9 Die geplaveide area moet vir speelgoed met wiele gebruik word.

2.10 Groot geluide verbeter die kleuter se konsentrasie.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Definieer elk van die volgende terme:

3.1 Fantasiespel

3.2 Ontdekkingspel

3.3 Tema

3.4 Melodiese instrument

3.5 Oop spel

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die aspekte wat in ag geneem moet word by die aankoop van vloerbedekking vir die dagsorgsentrum. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VYF vereistes vir die voedselbereidingsarea. (5)

4.3 Jy het die opdrag gekry om die fantasie-area op te stel. Jou tema vir die week is 'Die Poskantoor'.

Noem VYF items wat jy vir hierdie tema kan gebruik. (5)

4.4 Verduidelik hoe die bou van 'n legkaart kan help met die kind se ontwikkeling. (5)

4.5 Mev. Buthelezi maak haar nuwe dagsorgsentrum oop.

Verduidelik die veiligheidsvereistes wat mev. Buthelezi moet in ag neem by die oprigting van swaaie op die speelgrond. (5 × 2) (10)

4.6 Noem VYF geskikte hulpmiddels wat vir waterspel gebruik kan word. (5)

4.7 Bespreek metodes wat gebruik kan word om ouers op hoogte te hou van die aktiwiteite in die dagsorgsentrum. (10)

[50]

VRAAG 5

5.1 Mev. Khan het pas by jou dagsorgsentrum begin werk.

Verduidelik die belangrikheid van skriftelike beplanning vir haar. (10)

5.2 Noem VIER werktuie wat vir waarneming gebruik kan word. (4)

5.3 Stel 'n kontrolelys op met die vereistes vir die keuse van storieboeke vir kleuters. (10)

5.4 Bespreek hoe stories die kind help om kognitief te ontwikkel. (5 × 2) (10)

5.5 Die tema vir die week is DIE TUIN.

Noem VYF aktiwiteite wat die kinders tydens die kreatiewe les kan doen. (5 × 2) (10)

5.6 Noem SES faktore wat die educarer moet in ag neem om te verseker dat 'n oopplan-aanbieding suksesvol is. (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Noem VIER konsepte wat wiskundige begrip by kinders bevorder. (4)

6.2 Teken 'n breinkaart met VYF besprekingspunte oor die tema VOËLS. (5 × 2) (10)

6.3 Definieer die volgende:

6.3.1 Ouditiewe bewustheid

6.3.2 Ouditiewe diskriminasie

6.3.3 Ouditiewe geheue

(3 × 2) (6)

6.4 Om 'n musiekinstrument te leer bespeel, hou talle voordele in.

Noem AGT redes vir die bekendstelling van musiekinstrumente aan kinders. (8)

6.5 Jy is 'n educarer by Simba se Dagsorgsentrum.

Beplan 'n les met MORSIGE spel vir 3-jarige kleuters deur die tabel hier onder in jou ANTWOORDBOEK te kopieer en voltooi.

AKTIWITEIT	HULPMIDDELS	DOELWITTE
INLEIDING (2)	(2)	(2)
LIGGAAM (4)	(2)	(4)
AFSLUITING (2)	(2)	(2)

(22)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou